Uit die Woord

Die reikwydte van die evangelie in die Christen se lewe

Ds. Harry Cilliers (Reitz)

Lees: Efesiërs 3
Teks: Efesiërs 3:18 en 19
Sing: Ps 103:9&11 (Totius); Ps 130:1&2 (Totius); Sb 15-1:1-4; Sb 5-4:3-6

Die evangelie: Verkondiging van Christus Jesus se onpeilbare rykdom

Paulus getuig in die eerste deel (Ef 3:1-13) oor God se geheimenis wat Hy deur sy Gees aan sy heilige apostels en profete geopenbaar het. Hierdie geheimenis is dat deur die verkondiging van die evangelie, en die daaropvolgende verbondenheid met Christus Jesus, ook mense wat nie Jode is nie deel word van God se volk, lede is van die liggaam van Christus, en deel kry aan wat God belowe het.

God het aan Paulus die genade en die voorreg gegee om ’n dienaar van hierdie evangelie te word. So het hy toe aan die heidennasies die “onpeilbare rykdom van Christus verkondig”. Dat Christus Jesus die Here God se eeue-oue plan tot uitvoering gebring het, sodat mense wat aan Christus verbind is en in Hom glo, met vrymoedigheid en vertroue na God kan gaan.

Iets van die onpeilbare rykdom van Christus, wat dieper en verder strek as waarby die menslike verstand ooit kan uitkom, word ’n werklikheid wanneer klein nietige ou mensies deur die soenverdienste van Jesus, met ’n vrye moed in geloofsvertroue na God, die Skepper van alle dinge, gaan.

Gebed dat gelowiges begrip mag hê vir dit wat onpeilbaar is

Hoe kan ’n kleine mensie egter in geloofsvertroue na die grote almagtige God gaan as jy nie die wonder van sy liefde kan insien en verstaan nie? Hoe peil jy tog die onpeilbare? Jy bid daarvoor!

Daarom kniel Paulus in gebed voor die Vader en hy bid hartstogtelik dat alle gelowiges (vs 18) in staat mag wees om deur sy Gees (vs 16) te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Ja, dat hulle sy liefde mag ken wat alle verstand te bowe gaan en heeltemal vervul (innerlik in die hart – vs 17) mag word met die volheid van God. Immers, net

deur Christus se liefde te ken, het ons deel aan sy onpeilbare rykdom. In hierdie lewe is dit egter onmoontlik om Christus se groot liefde werklik ten volle te verstaan. Ons mag maar net daaroor nadink en dit met ons verstand probeer omhels en dit in ons harte koester.

Christus se liefde strek wyer as waarby ons verstand kan uitkom

Hoe wyd kan ons verstand dink en ken en begryp? Sekerlik sluit dit die hele wêreld en elke ding en wese in wat geskape is, oor die lengte en breedte van die aarde tot by sy verste uithoeke. Nader aan onsself kan ons wyd dink oor die lyn van ons geslagte tot waar ons dit ken en onthou en oor die nageslag vir wie ons bid. Letterlik kan ons alles hier op aarde so bedink en ken.

In Spreuke 8:23-31 waar Wysheid (wat na Jesus Christus heenwys) aan die woord is, word ons gedagtes egter teruggevoer na die tyd nog lank voordat God ons wêreld in aansyn geroep het. Dit is die wydste wydte, en daarby kom ons nooit uit met ons eie verstand en gedagtes nie!

Christus se liefde strek verder as waarby ons verstand kan uitkom

Hoe ver kan ons verstand dink? Sekerlik so ver terug as wat ons onthou, en wat ons uit die geskiedenis kan leer. Vorentoe kan ons verstand egter nie eers so ver kom as dit wat die volgende sekonde in ons lewe gaan gebeur nie, en aan die dood en die graf wil ons nie dink nie. Deur God se genade en volgens sy Woord het ons natuurlik vir die pad vorentoe sekere verwagtinge, maar ook dit is nie iets wat ons met ons eie verstand bedink het nie. Ons het ook ’n Godgegewe verantwoordelikheid ten opsigte van die toekoms, maar dit is blote menslike beplanning en vooruitskouings waarvan ons die gevolge nooit ten volle kan deurgrond nie. Die ver waarby ons met ons eie verstand uitkom is in elk geval tyd- en aardgebonde.

Psalm 103:17 getuig: “... die goedertierenheid van die HERE is van ewigheid tot ewigheid ...” Dit is van voor die tyd tot na die tyd. Dit is ewigheid. Ons eie verstand en gedagtes kan dit net nasê, ons het geen begrip daarvan nie!

Christus se liefde strek hoër as waarby ons verstand kan uitkom

Hoe hoog kan ons met ons verstand uitstyg? Sekerlik so hoog as die hemel self. Verby die wolkehemel en die sterrehemel tot by die derde hemel van God se troon, en die Lam wat daar aan sy regterhand staan asof Hy geslag is, en die engeleskaar, en die vier lewende wesens, en verloste heiliges geklee in wit klere wat gewas is in die bloed van die Lam.

Ons begryp dit egter ook maar net omdat dit deur Jesus Christus aan ons geopenbaar is, en nie omdat ons self daaraan gedink het nie. Die volle heerlikheid sal ons eers sien en verstaan as ons self oorgegaan het van die tyd na die ewigheid. Nee, die hoogste wat ons self kan bedink, is alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is (Fil 3:8). Hiermee skiet ons egter so ver tekort dat ons moet erken: my begrip kom nie daarby uit nie!

Christus se liefde strek dieper as waarby ons verstand kan uitkom

Hoe diep kan ons met ons verstand delf? Sekerlik as ons in alle opregtheid nadink oor ons eie sonde en oor die vurige pyle van Satan wat skeur deur die hart en gemoed. Dit is die treurroep van Psalm 130 (berymd). Om so diep te grawe in eie hart en gemoed en gewete is so swaar dat jy net deur God se genade daarmee besig kan wees, en selfs dan raak jy nog maar net aan die

bopunt van die afgrond van jou skuld en gebreke voor God en jou naaste. Dit het niks minder nie as die diepste vernedering en die dood van ons Heiland gekos om ons van hierdie donker diepte te bevry.

Hoe ver reik die evangelie van Jesus Christus in my lewe?

Die evangelie van Jesus Christus, die blye boodskap van sy liefde en sy werk, raak alles van my lewe. Dit omvat my hele lewe en dit deurdring my hele lewe. So wyd en ver en hoog en diep as wat ek maar ooit kan dink, en dan reik dit selfs nog wyer, verder, hoër en dieper as waarby my verstandjie kan uitkom. Dit het met my hele lewe te make, na liggaam én siel. Dit vertroos my en gee my krag in alles waaroor ek dink en alles wat ek beleef en ken. “Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of bose magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here” (Rom 8:38&39).

Wat ek kan doen om dit nog beter te begryp en ervaar

Ons het in ons nadenke oor hierdie gedeelte gesien: dit waaraan ons ou verstandjies nie eens kan raak nie, daaroor bring die Here se Woord ware kennis en insig. Dus: lees en luister na Here se Woord; sien die Here Jesus voor jou en by jou soos Hy is; aanbid Hom; praat met Hom. So sal die boom van alle kennis ook in jou lewe groei tot groter begrip van Christus se liefde en hoedat sy rykdom werklik jou deel is. [DK]